

Ek wil ook gaan

Wanneer?

Die Visrivier-canyon-staproete is slegs van Mei tot September oop. Jou groepie moet uit minstens drie mense bestaan en geen kinders onder die ouderdom van 12 word toegelaat nie. Probeer minstens 'n jaar vooruit bespreek – getalle vir die staproete is beperk en word gou volbespreek.

Wat kos dit en waar bespreek jy?

Dit kos R635 per persoon vir die hele staproete, wat jou R100-bewaringstarief insluit.

Ons het deur Namibia Wildlife Resorts se Kaapse kantoor bespreek: 021 422 3761 of ct.bookings@nwr.com.na.

Bespreek deur die Namibiese kantoor by +264 61 285 7333 of stuur 'n e-pos na reservations@nwr.com.na.

Nat voete

Hoe later die stapseisoen, hoe laer sak die water. In Mei is die rivier se vlak nog hoog en jy moet jou skoene uittrek wanneer jy die rivier oorkruis. Ons het in Julie gestap en hoef nooit die rivier kaalvoet oorkruis het nie.

Water was wel volop, maar daar was altyd 'n droë rots wat ons oorgang vergemaklik het. Ek het ook sommer die water direk uit die rivier gedrink. As jou maag sensitief is, pak ook watersuiweringstablette.

Gedek vir medivac?

Jou dokter moet 'n mediese vrywaringstifikaat uitreik wat bevestig dat jy fiks en gesond genoeg is om die roete aan te pak.

Sou jy siek word of jouself beseer, is die enigste manier uit per helikopter. Ongelukkig is die helikopter-rit nie 'n pasella nie en jou redding kan soveel as R200 000 kos.

Sommige mediese fondse dek mediese ontruiming in Suid-Afrikaanse buurlande. Moet egter nie aanneem jy het dekking nie – maak dubbel seker. Indien jy reisversekering uitneem, moet jy duidelik spesifiseer dat jy die Visrivier-staproete gaan stap, sowel as enige mediese toestande.

Daar is nie selfoonontvangs in die canyon nie en net twee nooduitgange. 'n Satellietfoon kan handig wees, veral in 'n mediese noodgeval.

Berei so voor

Selfs al dink jy jy is fiks genoeg, word fikser. Daar is nie veel op- en afdraandes onder in die canyon nie, maar die dik sand en groot klippe maak die stap moeilik. As jy by die see bly gaan stap op die moeilikste, dikste deel van die strand. Jy moet gemaklik wees om lang afstande af te lê met 'n rugsak op jou rug. Selfs in die winter word dit warm en die kwik kan daaglik tot in die hoë 20's styg. Doen hurk-oefeninge met iets swaar op jou rug om jelliebene te voorkom wanneer jy afklim.



Die spoelklippe waarvoor jy moet stap met elke rivierkruising is uitmergelend en kan maklik 'n mens se moed (spoed) breek. Jy moet mooi trap, en konsentreer, anders kan jy maklik 'n enkel swik.

Foto's: RENÉ DE KLERK

Moenie dat hierdie Vis jou vang en insluk nie

Die Visrivier-canyon-staproete is 'n legende onder stappers omdat dit jou vermoëns tot die uiterste beproef. Dis moeilik, maar die moeite werd as jy jou staptog deeglik beplan.



RENÉ DE KLERK
@renedeklerk3

Gedagtes van opgee het deur my kop geflits. My voete was gaar en ek wou nooit weer sand of 'n klip sien nie. Ek wou net daar my sak neergooi en stop.

Die kennisgewing wat stappers probeer aanmoedig dat hulle amper klaar is, het kwalik gehelp. Nog een het 'n koue bier belowe, maar hoe ver was die dekselse bier nou eintlik?

Die laaste 5 km van die Visrivier-canyon-staproete in die Ai/Ais-Richtersveld-oorgrenspark in die suide van Namibië het my só beproef, dit kon net-sowel 50 km wees.

Toe ons uiteindelik laat op

die vyfde dag by Ai-Ais aankom, het 'n groep reisigers vir ons hande geklap en aangemoedig. Ek was so uitgeput – fisiek en geestelik – dat ek amper in tranes wou uitbars.

Hulle moes dit nog aanpak en wou alles weet. Ek wou net plat op my rug lê, met 'n koue enetjie in die hand.

Daardie laaste 5 km was nie die enigste beproewing wat die Vis, soos stappers daarna verwys, aan my voorgelê het nie.

My kort bene het sommer van die begin af teen my getel, veral met die afklingslag en die reusagtige klippe waarvoor ons moes klouter.

Toe 'n groep ratse stappers soos klipspringers verby ons skarrel, het my moed tot in my skoene gesak.

Verg jy die balans van 'n boerbok en die grasia van 'n Olimpiese gimnas om die staproete te voltooi? Hoe lank nog voordat dinge makliker word?

Af na die oertyd

Om die tweede grootste canyon ter wêreld aan te pak is beslis



Luitenant Thilo von Trotha se graf by die Kooigoedhoogte-pas. Die Duitse soldaat is in 1905 in 'n skermutseling met die plaaslike Nama-mense dood.

nie 'n gemaklike slenterstappie nie.

Hoewel die massiewe rotse later stil-stil verdwyn, hou die dik sand en spoelklippe nooit op nie. Die hoë kranse en rots-wande waardeur jy stap, bied

min uitkomstans. Wanneer jy die bodem van die canyon bereik, besef jy ook hoe groot die oeroue landskap regtig is, en waarvoor jy jouself ingelaat het. Nou kan jy net een rigting, vorentoe – 85 km na Ai-Ais.

Die afdraende wat jy by Hobas, waar die staproete begin, moet aandurf, kan intimiderend wees. Dit het ons groepie van drie vroue omtrent drie uur geneem om tot onder te kom, met genoeg blaaskanse tussenin vir asemskip. Onder het ons afgekoel en middagete geniet terwyl twee visarende en bleekvlerspreus ons verwelkom het.

Die canyon het meer as 2 miljard jaar gelede deur die aarde geskeur en elke dag het ons die primordiale landskap tree vir tree verken. Die kleurskakerings van die kliplandskap wissel van goudbruin, pienk en plek-plek oases van groen, tot pikswart rots met goue vlokies mika wat onder die fel Namibiese son skitter. Een van die gedeeltes van die canyon is selfs "Fool's Gold Corner" genoem. Ons stap oor gladde granietpla-